

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Augustus 2020 Uitgawe 1



Self-iso-lasie in 'n neutedop

Bladsy 7



Brandbestryder van 'Crew Juliet' deel haar storie

Bladsy 8



BESKERM SUID-AFRIKA
SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN

Suid-Afrika gee tekort aan ventilators 'n hupstoot



'N PLAASLIK ONTWIKKELDE

ventilator help pasiënte met ligte COVID-19 simptome om makliker asem te haal.

Silusapho Nyanda

Die stryd teen koronavirusse (COVID-19) in Suid-Afrika het 'n hupstoot gekry met die eerste ventilator wat in die land gemaak is.

Die CPAP-ventilator (Continuous Positive Airway Pressure) help pasiënte met ligte simptome van COVID-19 om

Vervolg op bl 2

 Om *Vuk'uzenzele* te lees, laai die GOVAPP af by:

ANDROID APP ON Google play Available on the App Store

Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS

Webwerfs: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083

 Vuk'uzenzele

 @VukuzenzeleNews

E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

GRATIS NIE TE KOOP NIE

Bad behaviour results in alcohol ban

A TRAUMA SURGEON has welcomed President Cyril Ramaphosa's efforts to sober up South Africa, saying that heavy drinking was causing a headache for hospitals.

The sale of alcohol was once again banned in South Africa in the middle of July because of the number of people needing emergency care in hospitals as a result of drunken behaviour.

Instead of being available to help people who were very sick from the coronavirus disease (COVID-19), hospitals were treating patients wounded in car accidents or

fights that were caused by drinking too much.

Professor Steve Moeng, who is head of trauma at Gauteng's Charlotte Maxeke Hospital, explains that under level five of the lockdown, the hospitals' emergency rooms were nice and quiet but each time the country went to a lower level, the number of people needing emergency treatment at our hospitals increased.

He says that since the coun-

try moved to level four of the lockdown on 1 June, hospitals have seen more trauma cases.

"Unfortunately, this has had a negative impact in terms of our ability to deal with the COVID-19 load in our hospitals," he says, explaining that in South Africa, most of the trauma cases dealt with by hospitals are related to alcohol.

Moeng, who is also the academic head of trauma at the University of the Witwa-



tersrand, says when the emergency rooms are full, hospitals are not able to give as much time and resources to COVID-19 as needed.

He says there is a need to re-evaluate society's relationship with alcohol because too many people are not able to drink responsibly and

instead become drunk and disorderly and behave recklessly or badly as a result.

Emergency rooms tell the story of the impact on South Africa of the abuse of alcohol, with doctors spending most weekends stitching up victims of domestic abuse, car crashes or violent fights.

— SANews.gov.za

Vervolg van bl 1

makliker asem te haal deur 'n beperkte hoeveelheid suurstofhoudende lugdruk te voorsien wat hul lugwee oop hou.

Die ventilator is deur die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) in samewerking met 'n aantal plaaslike vennote ontwerp, en sal landwyd versprei word vir die behandeling van pasiënte met respiratoriese nood in die vroeë fase van die COVID-19-infeksie.

"Die lug wat 'n persoon normaalweg inasem, het 'n suurstofkonsentrasie van 23

percent. Die CPAP-ventilator kan meer suurstof pomp en sodoende 'n pasiënt help om asem te haal. Die CPAP kan deurlopend gekonsentreerde suurstof pomp. 'n Mens kan die hoeveelheid suurstof wat 'n pasiënt inasem, verhoog of verlaag," sê die Uitvoerende Bestuurder van die WNNR se Future Production Manufacturing, Martin Sanne.

Pasiënte wat met die ventilator behandel word, word deur 'n gesigmasker aan die ventilator gekoppel. Suurstof word uit 'n suurstofenk gepomp en met natuurlike lug in die ventilator gemeng, waarvandaan

dit na die masker oorgedra word en deur die pasiënt ingeasem word. Sanne sê benewens die inpomp van suurstofhoudende lug, help die CPAP pasiënte ook om uit te asem.

Die CPAP-ventilator kan in hoë-tegnologie kliniese omgewings, sowel as tydelike instellings soos veldhospitale en kwarantynegeriewe gebruik word.

Sanne sê die WNNR sal teen einde Augustus 10 000 ventilators kan vervaardig. In samewerking met Siemens, Simera, Akacia, Gabler, Umoya en die Universiteit van Kaapstad, het die WNNR die CPAP

volgens die standaarde van die Wêrelgesondheidsorganisasie vervaardig.

Die eerste stel ventilators sal aan staatshospitale voorsien word wat onder druk is weens die tekort aan toerusting om COVID-19 te hanteer.

Die WNNR het aan die CPAP begin werk nadat daar wêreldwyd 'n ernstige tekort aan ventilators ontstaan het. "Teen ongeveer Maart en April was daar skielik 'n tekort aan ventilators van ons internasionale verskaffers. As 'n mens dit in die hande kon kry, was dit baie duur; die regering het daarom 'n tender vir die vervaardiging

van ventilators uitgereik," sê Sanne.

Die tender was deel van die regering se nasionale ventilatorprojek in die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging.

Die WNNR werk ook aan 'n tweevlak-positiewe lugwegdrukventilator wat daarop gerig is om pasiënte met meer ernstige COVID-19-simptome te behandel. Die ventilator sal met inaseming sowel as uitaseming help, hetsy in vaste drukmodusse of deur die suurstoftoevoer wat deur die pasiënt benodig word, te bepaal en die druk dienooreenkomsdig aan te pas. ●



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES
LEER VAN MADIBA



Help om die verspreiding van COVID-19 te stuit

Ons nasie staar die ernstigste krisis in die geskiedenis van die land se demokrasie in die gesig. Ons het meer as 120 dae lank daarin geslaag om die verspreiding van 'n virus wat verwoesting oor die hele wêreld saai, te verlangsaam.

Maar die styging in infeksies wat deur ons mediese spesialiste voorspel is, het nou begin. Meer as 'n kwartmiljoen Suid-Afrikaners het die koronavirus opgedoen, en ons weet dat baie meer infeksies nie aangemeld word nie. Meer as 12 000 nuwe gevalle word nou daagliks aangeteken.

Sedert die begin van die uitbreking in Maart, het minstens 4 079 mense weens COVID-19 gesterf.

Soos die massiewe koue fronte wat hierdie tyd van die jaar ons land vanuit die Suid-Atlantiese Oseaan binnekoms, is daar min dele van die land wat nie deur die koronavirus geraak word nie. Die koronavirus-storm is baie feller en meer vernietigend as enigets wat ons voorheen beleef het. Dit plaas ongekende druk op ons hulpbronne en ons vasberadenheid.

Die styging van infeksies wat ons deskundiges en wetenskaplikes meer as drie maande gelede voorspel het, is nou met ons. Dit het in die Wes-Kaap begin en na die Oos-Kaap en Gauteng uitgebrei.

Hoewel infeksies eksponensieel styg, is dit belangrik om daarop te let dat ons sterftesyfer van 1,5 persent onder die laagste ter wêreld is. Dit word vergelyk met 'n wêreldwyse gemiddelde sterftesyfer van 4,4



percent. Ons kan die betreklik lae aantal sterftes in ons land toeskryf aan die ervaring en toewyding van ons gesondheidswerkers en die dringende maatreëls wat ons getref het om die kapasiteit van ons gesondheidstelsel op te bou.

Hoewel die meeste van ons mense voorkomingsmaatreëls om die verspreiding van die virus te beperk, nákom, is daar ander wat dit nie doen nie. Daar is mense in ons geledere wat die regulasies wat ingestel is om die siekte te bestry, ignoreer.

Te midde van so 'n pandemie, kan mense se optrede soos om in 'n taxi te klim sonder 'n gesigmasker; saam met vriende te kuier; partytjies by te woon of selfs familie te besoek, die virus maklik laat versprei en lewens in gevaar stel. Hoewel dit 'n siekte is wat deur 'n virus veroorsaak word, word dit deur menslike optrede en gedrag versprei.

Deur ons eie optrede – as individue, as gesinne, as gemeenskappe – kan en moet ons die verloop van hierdie pandemie in ons land verander. Elke keer as ons uit ons huise gaan, moet ons 'n materiaalmasker dra wat ons neus en mond bedek.

Ons moet steeds gereeld ons hande met seep en water of ontsmetmiddel was. Ons moet aanhou om alle oppervlakte in alle openbare ruimtes te reinig en te ontsmet. Die belangrikste is dat ons 'n veilige afstand – minstens 2 meter – van ander mense af moet hou.

Daar kom tans bewyse aan die lig dat die virus ook in klein deeltjies deur die lug oorgedra kan word in plekke wat oorvol of toe is, of waar die lugsirkulasie swak is. Om dié rede moet ons die binnenshuise omgewing onmiddellik verbeter op openbare plekke waar die risiko vir besmetting die grootste is.

Ons besluit om 'n landwye inperking te verklaar toe ons gesondheidsdienste nog nie voldoende voorberei was nie, het 'n massiewe aanvanklike styging in infeksies sowel as meer lewensverliese voorkom.

Ons het in die tyd wat ons tot ons beskikking gehad het, belangrike maatreëls getref om ons gesondheidsrespons te versterk. Ons het meer as twee miljoen koronavirustoetse gedoen en gemeenskapsgesondheidswerkers het meer as 20 miljoen siftings voltooi.

Ons het bykans 28 000 hospitaalbeddens beskikbaar gestel vir COVID-19 pasiënte en het funksionele veldhospitale rebaar die land opgerig. Ons het nou meer as 37 000 kwarantynbeddens in private en openbare fasiliteite regdeur die land, wat gereed is om mense te isoler wat dit nie huis kan doen nie.

Om ons frontliniewerkers te beskerm, het ons miljoene artikels persoonlike beskermende toerusting by hospitale, klinieke en skole regdeur die land aangekoop en aangelever. Ons het ook bykomende verpleegkundiges, dokters en nooddgesondheidspersoneel gewerf en werf steeds meer.

Ons maak vordering met ons pogings om COVID-19 te hanteer, maar ons grootste uitdaging lê nog voor. Ons werk in al die provinsies daarvan om meer beddens in die algemene sale, sowel as vir kritieke COVID-19-pasiënte beskikbaar te stel.

Kapasiteit in algemene sale word in verskeie hospitale geskep deur gevalle wat minder dringend is tot later uit te stel, sommige hospitaalruimtes in bykomende sale te omskep en veldhospitale op te rig of uit te brei.

Ons werk daarvan om groter hoeveelhede suurstof, ventilators en ander toerusting vir diegene wat kritieke sorg verg beskikbaar te stel, deur onder meer die tovoer van suurstof vanaf ander bronne te herlei. Ons gebruik digitale tegnologie om die identifisering, opsporing en isolasie van kontakte uit te brei en om ondersteuning te bied aan diegene wat positief toets.

Namate ons die hoogtepunt van infeksies nader, moet ons meer voorsorg treffen bestaande maatreëls verskerp om die oordragtempo te vertraag.

Die regulasies oor die dra van maskers word verskerp. Werkgewers, winkeliers, openbare vervoeroperateurs en -bestuurders, sowel as eienaars van enige

ander openbare gebou is nou wetlik verplig om te sorg dat elkeen wat hul perseel of voertuig betree, 'n masker moet dra.

Taxi's wat plaaslike reise onderneem, sal nou toegelaat word om hul kapasiteit tot 100 persent te verhoog, terwyl langafstandtaxi's nie toegelaat sal word om 70 persent besetting te oorskry nie, op voorwaarde dat nuwe protokolle vir risikovermindering wat met maskers, ontsmetting van voertuie en oop vensters verband hou, gevolg word.

Duidelike bewyse het nou aan die lig gekom dat die hervatting van alkoholverkope daartoe gelei het dat hospitale, insluitend trauma- en intensiewesorgeenhede, onder aansienlike druk geplaas is weens motorongelukke, geweld en ander alkoholverwante trauma. Ons het derhalwe besluit om die verbod op die verkoop en verspreiding van alkohol weer in te stel om die druk op hospitaalkapasiteit te verlig.

As 'n bykomende maatreël om die druk op hospitale te verminder, sal 'n aandklokreeël tussen 21:00 en 04:00 van krag wees.

Ons is ten volle bewus daarvan dat die instelling van hierdie maatreëls onwelkom beperkings op mense se alledaagse lewens plaas. Dit is egter noodsaaklik om ons deur die hoogtepunt van die siekte te dra.

Daar is geen manier hoe ons die aanslag van die koronavirus kan vryspring nie. Maar ons kan die skade wat dit in ons lewens kan aanrig, beperk. Ons het as 'n nasie saamgestaan om mekaar te ondersteun, om troos te bied aan siekes en om aanvaarding vir dié wat nog die virus het, te bevorder.

Nou, meer as ooit tevore, is ons verantwoordelik vir die lewens van diegene rondom ons.

Ons sal hierdie storm oorleef. Ons sal toesien dat ons land weer gesond en voorspoedig word. Ons sal oorwin.

Celebrating South African women

August is Women's Month, a time when we pause to celebrate the achievements and contributions made by South African women.

Why do we celebrate Women's Day?

In South Africa, 9 August is Women's Day and the month of August is National Women's Month. This is an opportunity to celebrate women's achievements and the important role that women of all races and religions have played and continue to play in South African society.

On 9 August 1956, more than 20 000 women from all walks of life united in a mass demonstration at the

Joseph, Albertina Sisulu, and Sophia Williams-De Bruyn.

In remembrance of what South African women

"Women of South Africa, be proud of what you have achieved."

Union Buildings in Pretoria. They protested against the unjust pass laws enforced on women in South Africa.

The women were led by Lillian Ngoyi – a trade unionist and political activist, Helen

achieved on that day, 9 August has been declared as National Women's Day and is a public holiday in South Africa.

Women's Month is an opportunity to celebrate and reflect on the achieve-

ments of these inspirational women, the problems they faced in the struggle to be free and the important role all women continue to play in society.

Apart from their traditional roles as mothers, wives and caregivers, statistics show that women are making great progress in business, politics and academic and economic careers, with more and more women reaching top positions.

Make a difference

Women of South Africa, be proud of what you have achieved. Let the achievements of those who went before you inspire you to unlock your own strength and motivate you to make a difference in your family, your community and your country.

Go out and celebrate the women that you are. Go out and make a difference this Women's Month! 

Gender-based Violence

Gender-based Violence and Femicide (GBVF) continues to be a big problem in our society. The fight against GBVF cannot be left to government alone; it must be embraced by all South Africans – men, in particular.

Contact the Gender-based Command Centre in your area by calling 0800 428 428 or send a please-call-me to *120*7867#

Important numbers

If you are being abused or suspect that someone is being abused, call:

- South African Police Service 10111
- Childline 0800 055 555
- Stop Women Abuse Hotline 0800 150 150
- Lifeline 0861 322 322.

Brandbestryder van 'Crew Juliet' deel haar storie

VROU moet die weg baan, sê brandbestryder

Dale Hes

Die jong brandbestryder, Vuyiseka Arendse (26), is deel van Crew Juliet, Suid-Afrika se eerste veldbrandbestrydingspan wat net uit vroue bestaan. Haar krag en vasberadenheid om vir haarself 'n naam te maak in die brandbestrydingsberoep, wat deur mans oorheers word, is 'n ware inspirasie vir alle vroue.

Arendse het in die klein Wes-Kaapse dorpie Beaufort-Wes grootgeword. Na skool het sy aan 'n kollege in Oudtshoorn probeer studeer, maar het besluit om terug te gaan huis toe om haar gesin te onderhou. Sy het 'n rukkie by 'n supermark gewerk, maar toe het brandbestryding haar aandag getrek.

"Ek het die brandbestryders in hul uniforms en groot rooi



'n Jong brandbestryder, Vuyiseka Arendse, is deel van Suid-Afrika se eerste vroue-brandbestrydingspan. Foto: Alistair Burt - NCC Environmental Services

Photo: Alistair Burt - NCC Environmental Services

vragmotors gesien. Dit het my dadelik gefassineer en ek wou meer uitvind," sê Arendse.

Arendse was een van die studente wat by die Wes-Kaapse regering se Chrysalis Akademie-jeugontwikkelingsprogram in 2016 gegradsueer het. Nadat sy die program voltooi het, het sy by Beaufort-Wes se brandweerstasie

begin werk, waar sy net R1 900 per maand verdien het. Maar toe hoor sy van 'n opleidingsgeleentheid wat verlede jaar deur NCC Environmental Services aangebied word.

"Ek was 'n fasilitaerder by die Chrysalis Akademie toe NCC met die studente kom gesels het oor 'n geleentheid om aansoek te doen vir die eerste vroulike veldbrand-

bestrydingspan. Al was ek nie 'n student nie, het ek baie belanggestel. Ek het aansoek gedoen vir die opleiding en is aanvaar," sê Arendse.

Sy het die opleiding, wat uit die teoretiese sowel as die praktiese aspekte van brandbestryding bestaan het, voltooi.

"Ek het so baie geleer. Ek het byvoorbeeld nooit geweet dat daar brandbestryders is wat net veldbrande blus nie. Ek het voorheen gedink hulle werk net in stedelike gebiede om brande in geboue te blus," vertel sy.

Arendse sê voorts dat dit 'n wonderlike gevoel was om die opleidingskursus te slaag en deel van die eerste vroulike brandbestryderspan van sy soort te word.

"Ek was vreeslik opgewonde, veral omdat baie van die mense vir wie ek vertel het dat ek 'n brandbestryder wou word, gesê het ek kan dit nie doen nie omdat ek 'n vrou is en nie opgewasse sou wees vir die taak nie. Dit het my aangespoor om vir hulle te

wys dat ek dit wel kon doen, nie net vir myself nie, maar ook vir al die vroue van Suid-Afrika."

Arendse sê haar eerste groot brandbestrydingstaak in Noordhoek was nie net 'n groot uitdaging nie, maar ook 'n bevredigende ervaring.

"Dit was my eerste volle 24-uur-skof en die eerste keer dat ons saam met al die ander manlike brandbestryders gewerk het. Dit was vermoeiend en ons het baie warm gekry in ons beskermende uitrutings, maar ons het die werk voltooi en daarna 'n gevoel van bevredigingervaar."

Arendse moedig Suid-Afrikaanse vroue aan om hulself nooit te onderskat nie.

"Moenie toelaat dat dit wat mense sê jy kan, of kan nie doen nie, jou definieer nie." 

*Om uit te vind watter ander geleenthede NCC Environmental Services bied, gaan kyk na hulle Facebook-blad. Jy kan hulle ook skakel by 021 702 2884 (Kaapstad), 010 007 5272 (Gauteng), 031 003 2964 (KwaZulu-Natal) of 041 101 1033 (Oos-Kaap).